Hoekom moet ons die boek lees?

H A B A K U K is 'n besondere rekord van die profeet se gesels en worsteling met die HERE. Dit herinner aan Job en die HERE se gesprekke. Anders as in Job, waar die Here die laaste woord het, is Habakuk se laaste woord 'n besondere lied tot God.

Wie het die boek geskryf en wanneer?

HABAKUK 1:1 "'n Uitspraak van die Here wat Hy aan die profeet Habakuk geopenbaar het." Habakuk profeteer in die Suid-Ryk (Juda) vanaf 608-598 vC: dus tot 12 jaar voor die val van Jerusalem

Aan wie is die boodskap gebring?

Aan God se volk in die Suid-Ryk (Juda) wat self onreg, geweld en korrupsie pleeg. Al het hul die uiterlike godsdienstigheid, dien hulle die HERE nie van harte nie!

Wees op die uitkyk vir:

Die wisselwerking tussen die beloftes van oordeel, maar ook BELOFTES SOOS IN Hoofstuk 2:4. Die boodskap bly dat God in beheer is van hierdie wêreld en soos Romeine 8:28 ons leer, ALLES ten goede laat meewerk vir hulle wat hulself voor Hom verootmoedig en Hom dien. Kyk in die lees van die boek na die verskeie digterlike metafore en unieke taalgebruik. Lees die hele boek in een sitting deur en skryf jou belewenis daarvan neer. Noem dit in gebed voor die HERE.

Die onderstaande twee grafieke verduidelik die algemene boodskap en datering van die profete: